

SESSIE 6

ARMOEDE IN DIE GESKIEDENIS

Helpmekaarbewegings onder die Voortrekkers van die Groot Trek



Dr. Jackie Grobler, voorheen Departement Geskiedenis,
Universiteit van Pretoria

Opsomming:

Talle Voortrekkers van die Groot Trek is tydens daardie migrasiebeweging in armoede gedompel. Dit was hoofsaaklik as gevolg van een of meer van die volgende ramspoedige verwickelinge: botsings met en oorloë teen plaaslike gemeenskappe, ontwrigting, rampe, veesiektes en 'n gebrek aan doeltreffende mediese versorging. In minstens vier gevalle het ander Voortrekkers ingegryp om die ontbering van hulle trekgenote te verlig. Dit was na die Slag van Vegkop in Oktober 1836, na die uitdelging van Piet Retief en sy makkers asook die Bloukrans-menseslagting van Februarie 1838, die Natalse Voortrekkers se bewuswording van die ramspoed van die Tregardt-trek in 1839, en die brand in die Potgieterlaer in Junie 1839. Hierdie ingrypings kan as die vroegste spontane helpmekaarbewegings in die geskiedenis van die Afrikaners in Suid-Afrika geag word.

In hierdie referaat word ter aanvang lig gewerp op die wisselende vlakke van welvaart van die Voortrekkers ten tyde van hulle vertrek uit die Kaapkolonie. Daarna word die helpmekaar-ingrypings onder die loep geneem deur in elke geval kortliks te verduidelik wat gebeur het, wat die impak daarvan op die welvaart van die betrokkenes was, hoe die ander Voortrekkers

op die ontbering van hulle trekgenote gereageer het en hoe suksesvol elkeen van die vier ingrypings was. Daar word ook op ander gevalle van verarming onder die Voortrekkers en pogings om armoedeverligting teweeg te bring, gewys. Ter afsluiting word oor die betekenis van hierdie barmhartigheidsaksies besin.

Kort CV:

Jackie Grobler woon al feitlik lewenslank in Pretoria. Hy was voor sy aftrede in 2016 vir 39 jaar 'n dosent in Geskiedenis en in Erfenis- en Kultuurtoerisme by die Universiteit van Pretoria. Hy is die skrywer van 14 boeke oor historiese onderwerpe, insluitende oor gedenktekens en monumente en een historiese roman. Hy skryf tans aan 'n omvattende boek oor die Voortrekkers van die Groot Trek. Sy boek *Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881* is in 2019 deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns met die Protea-Boekhuisprys bekroon as die beste Geskiedenisboek in Afrikaans wat in die tydperk 2017-2019 gepubliseer is.

Grobler is/was oor die loop van jare aktief betrokke by verskeie gemeenskapsinisiatiewe, strukture van die Nederduitsch Hervormde Kerk en kultuurorganisasies. Dit sluit in dat hy vir nege jaar gedien het as lid van Direksie van die Voortrekkermonument-maatskappy en van die Erfenisstigting en jare lank aktief was in die leierskorps van Die Voortrekkers – die jeugbeweging.

**Die Kaapse Helpmekaar en Afrikanerbekering tot kapitalisme,
c1916-c1930**



Dr Anton Ehlers, Departement Geskiedenis,
Universiteit Stellenbosch

Opsomming:

Die referaat is 'n poging om 'n bydrae te lewer tot die historiografiese debat oor die bekering van Afrikaners en die nasionalistiese beweging tot kapitalisme. Hierdie bekering en die besef van die potensiaal van kapitalisme vir Afrikaner-ekonomiesebemagtiging en die oplossing van die Armblankevraagstuk deur die verowering van die stedelike kommersiële en industriële

ekonomie word tradisioneel gesoek in die laat 1930's met die Afrikaner Broederbond/Sanlam Alliansie en die Eerste Ekonomiese Volkskongres as die primêre katalisator in die proses. Hoewel die belangrikheid van hierdie gebeure op Afrikaner-weersin in en bekering tot kapitalisme nie ontken word nie, weerspieël die vroeë geskiedenis van die Helpmekeer 'n verstregelde geloof in opvoeding/onderwys en kapitalisme by die Kaapse elite wat die beweging gedomineer het. Hierdie geloof het gelei tot die daarstelling van instellings en die skep van intellektuele kapitaal wat kapitalisme bevorder het en wat veel vroeër dateer as die bekering tot kapitalisme in die 1930's – en het bygedra om die weg vir laasgenoemde voor te berei. Dit identifiseer 'n hiertoe miskende invloed wat ook aansluit by die ontwikkelings waarna Giliomee in sy 1992-artikel oor die opkoms van Afrikanerkapitaal en Afrikanerkapitalisme in die Wes-Kaap verwys. Dit bevestig die stewige middelklas en by implikasie kapitalistiese aard van die vroeë nasionalistiese beweging in die Wes-Kaap. Die referaat sal poog om hierdie Helpmekeer-bydrae te demonstreer.

Kort CV:

Anton Ehlers is dosent aan die Departement Geskiedenis, Universiteit Stellenbosch. Hy spesialiseer in Sakegeskiedenis. Hy het gepubliseer oor onderwerpe soos die Helpmekeerbeweging, Boland Bank, Pep Stores en entrepreneurs soos Renier van Rooyen. Laaste noemenswaardige publikasie was die 2018-monografie: *Die Kaapse Helpmekeer c.1916-c.2014. Bemiddelaar in Afrikaner opheffing, selfrespek en respektabiliteit.*

Die "armblankevraagstuk" in Suid-Afrika as transnasionale verskynsel



Dr. Edward-John Bottomley, Vega School, Kaapstad

Opsomming:

Die "armblankevraagstuk" was die bepalende sosiale en politieke kwessie in Suid-Afrika in die eerste helfte van die 20ste eeu. Al was armoede onder wit mense nie 'n nuwe verskynsel in die land nie – dit was 'n groot bron van kommer in die vorige eeu – was die armblankevraagstuk uniek deurdadig omdat dit gepaardgegaan het met rasangas en rasnasionisme.

Ten spyte van die geskiedkundige belang daarvan in Suid-Afrika was die armblankevraagstuk allermens beperk tot dié land. In Amerika, byvoorbeeld, het die nalatenskap van die Rekonstruksie (1863-1877) en, 'n geslag later, die Groot Depressie, tienduise mense in uiterste armoede gedompel, veral in die suidelike deelstate. In die koloniale wêreld van Europa se empires het die verskynsel van armblikes reg tot die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in lande soos Rhodesië, Kenia, die Wes-Indiese Eilande en Sri-Lanka kommer gewek. Volgens historici kon “byna die helfte van die Europese bevolking [in Indië teen die einde van die 19de eeu] armblikes genoem word”. In dieselfde periode was daar byna 60 000 armblike kinders van “gemengde bloed” in Nederlands-Indië, wat vandag Indonesië is. Dié armblikes het die vorming van beleid oor bykans die hele koloniale wêreld heen beïnvloed, al het die vraagstuk in Suid-Afrika sy grootse ekonomiese en politieke afmetings aangeneem.

Dié referaat herondersoek die angs wat armblikes in die eerste helfte van die 20ste eeu veroorsaak het, en beskou die armblikevraagstuk as 'n beduidende transnasionale verskynsel – 'n fenomeen wat hom met die vrees vir ras-“agteruitgang” bemoei en geen respek vir landsgrense gehad het nie. Deur te fokus op die Carnegie-kommissie van ondersoek se 1932-verslag oor die toestand van armblikes in Suid-Afrika bekyk dié referaat transnasionale teorieë oor ras-agteruitgang, asook die span kundiges wat op die been gebring is om die oorsake van “armblankegeit” te ondersoek en met oplossings vorendag te kom. Die kommissie word beskou as 'n soort transnasionale owerheid wat hom op die bestuur van armblikes toegespits het wáár hy hulle ook kon vind. Desondanks is “armblankegeit” deurgaans beskou as die gevolg van verskillende omstandighede in verskillende lande – en elkeen het 'n eie oplossing vereis. In Amerika, byvoorbeeld, is haakwurm beskou as 'n moontlike oorsaak en in Suid-Afrika malaria. Die armblikevraagstuk, soos gesien deur die Carnegie-kommissie en aangebied in sy verslag, is dus van die begin as 'n transnasionale en biopolitieke kwessie hanteer.

Kort CV:

Edward-John Bottomley is 'n joernalis en navorser. Hy is 'n deeltydse dosent in kritiese denke en mediastudies aan die Vega-skool in Kaapstad. Sy skryfwerk is al gepubliseer in koerante soos *Beeld*, *Die Burger* en *Rapport*, en in tydskrifte soos *Sarie* en *Taalgenoot*. In sy boek, *Armblikes* (2012, NB-Uitgewers), bekyk hy die geskiedenis van die onderskeie Suid-Afrikaanse regerings se benadering tot uiterste armoede onder wit mense.

Hy het 'n PhD in geskiedkundige geografie aan die Universiteit van Cambridge verwerf waarvoor hy die Statebond- en die Cambridge Trust-beurse ontvang het. As deel van sy navorsing bring hy tyd in die VSA deur – waarvoor hy 'n Rockefeller Stigting-beurs ontvang het. In sy bestaande navorsing fokus hy op die teorie van aanhoudingsgeografie (carceral geography) en veral die ruimtes van gevangenskap.

❖ **Bespreking van die referate en vrae aan die referente vind op
16 September 2021 om 14:00 tot 17:00 plaas.**